

IS JOU STREEP GETREK?

Deur Isak Burger

Ek wil in hierdie hoofstuk die vraag bespreek wat dikwels gevra word en waarom jy seker ook al gewonder het: Is 'n mens se sterfdatum vooraf bepaal – by jou geboorte of selfs vóór jou geboorte? M.a.w. is ons elkeen se “streep getrek” en as jy die dag daar uitkom is dit verby met jou ongeag wat jy doen of hoe jy lewe? En natuurlik, wie trek daardie streep? Is dit God; is dit die duiwel; of dalk jyself?

As 'n mens glo dat jou streep getrek is, kan dit natuurlik 'n stuk fatalisme bring. Dis dan wanneer jy mense hoor sê: “As jou tyd gekom het, het dit gekom, as jy nie dood gaan aan kanker nie, gaan 'n dronkman jou doodry of 'n dwaalkoeël gaan jou tref of jou vliegtuig gaan val, maar jou tyd is jou tyd.” Dit kan meebring dat sommige 'n onverantwoordelike lewenswyse voer of aan lewensgevaarlike aktiwiteite deelneem met die eenvoudige filosofie: As jou tyd gekom het, gaan jy in elk geval sterf. Of anders om gestel: “As my tyd nog nie daar is nie, sal ek dit maak.”

Hierdie siening bring ongelukkig ook dikwels mee dat God die Outeur van alle sterftes gemaak word en selfs die voortydige dood van 'n kind word dan vierkant voor God se deur gelê. Dan worstel jy soms met die “goedkoop” vertroosting van sommiges: “Dit was seker maar sy/haar tyd.” Of ander kere wanneer iemand in 'n lewenskrisis beland en teen alle aanduidings lewend daaruit kom, sal mense sê: “Dit was seker maar nog net nie sy tyd nie.”

Wanneer 'n mens oor die dood praat of skryf, moet jy altyd besef dat die dood in misterie gehul is. Daar sal altyd vrae wees – veral by vroeë sterftes – wat 'n mens nie kán beantwoord nie, wat 'n mens nie eers moet probéér beantwoord nie. Die realiteite van ons gebroke wêreld, van lyding en dood – en aan die ander kant van God en Sy wil, laat die slimste onder ons dikwels woordeloos. Trouens, dis dan net 'n dwaas wat aanhou praat en dink dat daar vir alles 'n antwoord moet wees.

Die bekende Afrikaanse digter, predikant en teoloog, Totius, het met hierdie onverstaanbaarheid geworstel toe sy lieflingdogter deur 'n weerligstraal in sy huis doodgeslaan is. Hy het 'n gedig geskryf met die titel, *Die Godsbesluit*, waarin hy as gelowige sy worsteling beskryf om die wil en besluit van God in hierdie traumatiese en smartvolle gebeurtenis te verstaan:

*Voor die onheilswoning en
tussen die skaars-beblaaarde
soetdorings staan, in droë aarde
maar lowergroen en blink van blad,
die wag-’n-bietjie langs die pad.*

*Wanneer ek naderkom dan sien
Ek dorings krom en reg;
’k sien takke inmekaar gevleg.
En wil ek in die blare gryp
Of aan die takke breek,
Dan tas ek in ’n doringnes
Wat vreeslik haak en steek.*

*Bo al u donker bome, o Heer,
groei my ’n enk’le reusboom uit:
dit is die wag-’n-bietjie-bos
van u besluit.
Van ver so skoon, so groen, so blink,,
maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink
as wat ’n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
na u besluit,
dan gryp ek in die dorings vas.*

As ek dus my oortuiging op grond van die Skrif oor hierdie onderwerp gee, is dit met ootmoed en die besef dat God alleen die alwetende en alwyse Een is. Wanneer jy oor die dood dink, praat of skryf, kom daar tye wat jy dom is, sprakeloos, en besef dat daar baie is wat ons nie verstaan nie.

Tog is daar sekere beginsels wat ek in hierdie verband ter sprake wil bring:

Eerstens moet ons besef: God is lewe. Hy is die Bron van lewe en die Gewer van lewe. Soos die sonde, is die dood nie uit God nie. Die dood is ’n vreemde, ongoddelike mag. Lewe behoort aan God. Wie dus ’n lewe neem – behalwe met ’n mandaat van God (soos byvoorbeeld in selfbeskerming of binne die konteks van die “swaardmag” van die

owerheid (Rom. 13:4) – vergryp hom aan iets wat aan God behoort. Hierdie beginsel is dan ook in die 6e gebod opgeneem: *“Jy mag nie doodslaan nie.”* (Eks. 20:13)

Tweedens, die dood word in die Bybel as ’n vyand van God gestel, ’n vyand wat ook deur Jesus aan die kruis oorwin is: *“Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood... Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou engel? Doderyk, waar is jou oorwinning?”* (1 Kor. 15: 26, 54+55)

Daarom kon Jesus in Open. 1:17+18 ook hierdie triomferende woorde aan Johannes sê: *“Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.”* Om die sleutels van die doderyk en die dood te hê, beteken dat die dood volkome in Sy mag en beheer is.

Dit moet ons duidelik verstaan: Jesus Christus het die dood oorwin! In antieke tye kon ’n koning, wanneer hy sy vyand oorwin het, hom doodmaak of hom sy dienskneg maak. Wanneer ek dus sê dat Jesus die dood oorwin het, beteken dit nie dat die dood nou nie meer bestaan nie. Weliswaar sal daar ’n dag kom aan die einde van hierdie dispensasie wanneer God die dood “dood” sal maak; wanneer die dood tot niet gemaak sal word en dit nie meer sal bestaan nie. Daarom kan die Bybel vir ons heel aan die einde sê: *“En daar sal geen dood meer wees nie.”* (Open. 21:4)

Alhoewel Jesus die Here is – ook oor die dood - beteken dit nie dat God die Een is wat agter die dood van mense sit nie. Hy is nie ’n moordenaar nie. Trouens, die dood is ’n vyand van God. Hy is egter ’n oorwonne vyand. En soos ’n oorwinnaar van ouds, kan God die dood in Sy diens en tot Sy eer gebruik. In hierdie verband sal dit miskien goed wees om kennis te neem van die sg. “doodsengel”.

Die woord “doodsengel” of “engel van die dood” kom nie in die 1933/1953-vertaling voor nie, maar wel in die 1983-vertaling (vgl. 1 Kor. 10:10; Heb. 11:28) asook in sekere Engelse vertalings as “angel of death”. Wat kan ons uit die Bybel van hierdie wese aflei? Daar is blykbaar (’n) spesiale wese(ns) wat deur God gebruik word om die siele van hulle wat Hom nie gedien en gevrees het nie by die dood as’t ware te kom opeis en na die doderyk te neem. (Luk. 12:20). Onthou, die duiwel het nie die mag om mense in die hel tewerp nie – Luk. 12:4+5. Volgens hierdie skrif kan die duiwel net die liggaam doodmaak.

In Eksodus 12:23 lees ons van die "verderwer" wat deur die Here gebruik is om die eersgeborenes van die Egiptenare dood te maak. Dit is na hierdie "verderwer" dat Hebreërs 11:28 (NAB) verwys: *"Omdat hy geglo het, het hy die pasga ingestel en die bloed aan die deurkose laat smeer sodat die engel van die dood nie die eersgeborenes van Israel sou tref nie."* Dit is dalk dieselfde engel wat in 2 Samuel 24:16-17 ter sprake is. Hierdie "verderwer" of "doodsengel" is moontlik ook dieselfde engel as die een wat in Openbaring 9:11 die leier is van 'n groep bose wesens wat die mense tydens die groot verdrukking vreeslik gaan pynig: *"En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks het hy die naam van Apollion."* Hierdie naam, sowel in Hebreeus as in Grieks, beteken "verwoester" of "verderwer".

Alhoewel hierdie wese (verderwer, verwoester of engel van die dood) wat die siele van die ongereddes, ongelowiges en ongehoorsames kom opeis (Luk. 12:20) volgens hierdie standpunt 'n prominente demoniese figuur in die ryk van die Satan is, word hy nogtans deur God vir hierdie taak gebruik. Die gedagte dat God Sy vyande, ja, ook die dood en selfs bose geeste in sy diens kan gebruik om sekere take te verrig is nie vreemd in die Bybel nie (vgl. 1 Sam. 16:14-15; 1 Kon. 22:21-23). Sy oppermag genoodsaak selfs die duivel en sy demone om Hom te gehoorsaam. Daarom moet ons dit nie vreemd vind dat God ook die dood in Sy diens en tot Sy eer kan gebruik nie. Hy is die Here!

Hoe wonderlik is dit in elk geval om te weet dat die kinders van God met hulle dood nie deur hierdie monster, die doodsengel, weggeneem word nie, maar deur God se eie engele! (Luk. 16:22) Geen wonder dat gelowiges en ongelowiges so dikwels uiteenlopend reageer op hulle sterfbed nie! Dit het dalk veel te make met wie hulle by die Doodsjordan ontmoet!

'n *Derde* beginsel aangaande die dood wat ons ook van kennis moet neem, is dat ons almal moet sterwe. Dit is ongelukkig die uitkoms van die lewe op ons sonde-gebroke aarde. Heb. 9:27 sê dis vir die mens *bestem* om te sterwe. Soos vroeër gesê, weet ons net van twee uitsonderings op hierdie reël, dié van Henog en Elia. Dan is daar natuurlik ook nog daardie gelowiges wat op aarde sal wees die dag met die wederkoms van Jesus Christus.

Natuurlik is dit normaal dat die meeste mense so lank as moontlik wil lewe. Die mens se drang om te lewe, is waarskynlik sy sterkste basiese drang. Wanneer 'n mens daardie drang verloor en die dood vir jou verkiesliker word as die lewe, is dit dikwels 'n teken van depressie. Dit is ook in meeste gevalle die gemoedstoestand van iemand wat selfmoord oorweeg of pleeg.

’n Verdere beginselvraag is: Is daar ’n optimum of ideale lewensduur? Hoe lank behoort ’n mens te lewe? Hoe lank kan ’n mens verwag om te lewe? Hoe lank wil jy lewe? Wanneer is ’n mens oud genoeg om te sterwe? Wanneer sal ’n mens voel dat dit nou genoeg is, dat jy jou doel in die lewe bereik het?

In dié verband is ’n mens se *lewenskwaliteit* seker belangriker as die aantal jare wat jy op aarde was. Daar is mense wat volgens Psalm 90:10 sewentig of tagtig jaar oud word, maar *“die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet.”* Jy kom dikwels mense teë wat as gevolg van uitgerekte tye van pyn en lyding eerder die dood verkies. Ons almal ken mense wat gewoonlik oud en afgeleef is, vir wie die lewe geen vreugde meer inhou nie en wat wens om te sterwe. Dieselfde kan gebeur met mense wat aanhoudend, ekstreme ongelukkige en smartvolle lewensomstandighede beleef. Dit is dan wanneer jy mense hoor sê: Ek is moeg vir die lewe.

Benewens lewenskwaliteit is die kwessie van *lewensvervuldheid* van die allergrootste belang. Dit impliseer dat ’n mens jou doel, of eerder God se doel en plan met jou lewe verstaan en verwesenlik en jou talente optimaal gebruik. Belangriker as die ouderdom wat jy bereik het, is die vreugde om te weet jou lewe het ’n verskil gemaak, daar is ’n erfenis wat jy agterlaat wat vir andere iets beteken.

As jy jou Godgegewe doel bereik en taak voltooi het, is die aantal jare wat jy oud geword het eintlik van sekondêre belang. Ek dink aan Jesus se woorde aan Sy Vader in Joh. 17:4: *“Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.”* Daarom kon Hy na net 33 jaar op aarde en tenspyte van Sy vroeë dood in oorwinning uitroep: *“Dit is volbring!”*

Daar was al soveel mense wie se lewenskwaliteit nie te waffers was nie, wat sieklik of gestremd was, maar tenspyte daarvan ’n sinvolle en betekenisvolle lewe gelei het.

’n Klassieke voorbeeld hiervan is Helen Keller. Hierdie vrou wat op 27 Junie 1880 as ’n normale baba gebore is, het op die ouderdom van 19 maande a.g.v. skarlakenkoors of breinvliesontsteking volkome doof en blind geword. Sy kon ook a.g.v. haar gestremdheid nooit leer om behoorlik te praat nie. Dit is ’n aangrypende verhaal hoedat sy met die hulp van andere haar gestremdhede tot só ’n mate te bowe kon kom, dat sy deur haar geskrifte en lewe vir talle mense so ’n groot bemoediging en seën kon wees.

Daar is baie ander voorbeelde van mense wat een of ander vorm van gestremdheid, liggaamlike beperking of teëspoed gehad het en wat steeds blymoediglik gelewe en 'n verskil in ander mense se lewens gemaak het en steeds maak. Al wat ek wil sê is dat 'n betekenisvolle lewe van meer dinge afhang en belangriker is as die aantal jare wat jy lewe. Die vraag is: Wat het jy gedoen met die geleenthede, talente en jare wat jy wêl gegun is?

Vir sommige wat 'n dierbare voortydig aan die dood moes afstaan, kan dit dalk troos bring om te vra watter betekenis daardie afgestorwe geliefde se lewe vir andere gehad het. Soos genoem, was Jesus maar 33 jaar oud toe Hy gesterwe het. 'n Mens kan maar net begin om te dink watter verskil Sy lewe in ontelbare mense se lewens gemaak het. Soveel ander mense wat op 'n jeugdige ouderdom gesterf het, het hierdie wêreld 'n bietjie beter plek gemaak. Van die grootste komponiste en kunstenaars in die geskiedenis het relatief jonk gesterwe.

'n Verdere kwessie t.o.v. jou lewensduur - en waarskynlik die heel belangrikste, is die Groot Vraag: Het jy in hierdie lewe jou saak met jou Maker reggemaak? Is jy met Hom versoen deur Sy Seun Jesus Christus? In die lig van hierdie vraag word die kwessie van ouderdom eintlik heeltemal irrelevant. Jy sien, 'n mens kan 100 jaar oud word en as 'n beroemde en skatryk persoon sterf, maar as jy die ewigheid binnegaan sonder dat jy ooit die verlossing wat deur Christus vir jou bewerk is, aanvaar het en jy vir ewig verlore is, was jou lewe 'n mislukking, tevergeefs. Aan die ander kant, al sou 'n kindjie op die ouderdom van tien jaar sterf, maar hy of sy het Jesus aangeneem - so tragies as wat so 'n voortydige dood mag wees, was dit nie 'n vermorste lewe nie. Want dít is na alles die hoofrede waarom ons 'n klompie jare op aarde gegun word - om vrede met ons Skepper te maak, om God te vind, om jou voor te berei vir die ewigheid. As dit gebeur het, is alle ander dinge in die lewe – ook hou oud ons uiteindelik word – van sekondêre belang.

Terwyl ek glo dat God die Gewer van lewe is, is een van die gevolge van die sondeval egter dat ons nie onbepaald hier op aarde kan lewe nie en dat die dood as gevolg van die sondeval die arena van die lewe betree het. Paulus stel dit duidelik in Rom. 5:12: *“Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het...”*

Dit mag morbied klink, maar op 'n manier is die dood ons permanente metgesel op die reis van die lewe. Gepas is die woorde van Dawid aan Jonathan: *“Daar is maar net een tree tussen my en die dood!”* (1 Sam. 20:3)

Die dood is in 'n sekere sin die uitkoms van 'n lewenslange proses. Daar vind gedurig en ongemerk 'n aftakeling in jou liggaam plaas. Hoe ouer jy word, hoe sneller gebeur dit. Daar is geen ontkoming aan die dood nie. Die vraag is net: Wat gaan jou lange die laaste keer laat pomp en jou hart die laaste keer laat klop? Charles Spurgeon het eenmaal gesê: *"The moment we start to live, we begin to die. Death is the end of dying, not the end of living."*

Tog glo ek dat God wil hê dat ons 'n vol, gelukkige en vervulde lewe op aarde sal geniet. Alhoewel dit moeilik is om 'n sekere ideale ouderdom daar te stel, is daar twee Skrifgedeeltes waaraan 'n mens in hierdie verband dink. Waar die eerste mense baie oud geword het, het God tydens die groot afvalligheid wat voor die sondvloed geheers het, sekere grense gestel: *"Toe sê die Here: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar."* (Gen. 6:3)

Dan is daar die gebed van Moses in Psalm 90:10 waarin hy redelik afgemat en ontugterd klink: *"Die dae van ons jare – daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen."*

Ek dink nie dat 'n mens van enige van hierdie tekste dogmatiese afleidings kan maak nie. Dit is wel so dat die moderne mens weens verbeterde lewensomstandighede en moderne gesondheidsorg, steeds ouer word en is dit volgens sommiges nie vergesog dat mense in die afsienbare toekoms weer 120 jaar oud kan word nie.

Alhoewel baie faktore 'n rol kan speel in elke individu se uiteindelijke ouderdom, kan dit as 'n beginsel aanvaar word dat God ons 'n optimale aantal jare op aarde wil gee.

As ek dit alles gesê het, wil ek met versigtigheid en opsommender wys, die volgende stelling maak: Terwyl ons onthou dat God die Gewer van lewe is en Sy heerskappy ook die dood insluit, is daar verskillende faktore wat jou sterfdatum kan beïnvloed – faktore waarby ons weldra sal kom. Die belangrikste van ons lewe is egter nie op watter ouderdom ons gaan sterf nie, maar of ons die Here as ons Verlosser aangeneem het en of ons Sy doel en plan vir ons lewens verwesenlik het.

Terwyl ek wil herhaal dat hierdie maar my menslike poging is om iets van die misterie van die dood te probeer verduidelik, is daar een saak wat soos 'n paal bo water staan: *God is alwetend*. Daar is niks wat Hy nie weet nie – ook wat die toekoms aan betref. Daar is niks wat sal gebeur wat vir Hom 'n verrassing sal wees nie. As die Alpha en die

Omega, die Begin en die Einde, is die toekoms vir hom net so bekend soos die verlede. Dit impliseer dat Hy by voorbaat weet wat en wanneer alles met elkeen van ons sal gebeur – ook wanneer en hóé ons tot sterwe sal kom.

Ek besef dat hierdie aanname onbeantwoorde vrae kan meebring, soos byvoorbeeld: As God dan alles byvoorbaat geweet het, waarom het Hy sekere dinge toegelaat? Ons moet aanvaar dat daar nie vir al ons vrae antwoorde beskikbaar is nie. As gelowige kan en moet ek my daarby berus dat alle dinge ten goede meewerk vir die wat God liefhet. (Rom. 8:28)

Feit is dat daar baie dinge in hierdie wêreld gebeur wat nié God se wil is nie – al het Hy geweet dit gaan gebeur. Dis byvoorbeeld nie God se wil dat één mens verlore moet gaan nie (2 Pet. 3:9), maar tog weet Hy dat die meeste mense nie gered sal word nie. (Luk. 13: 23+24).

Net so is daar niemand wie se dood vir God 'n verrassing is nie, maar dit beteken nie dat Hy in elke geval die streep getrek het en dat almal op 'n datum te sterwe kom wat Hy vir hulle bepaal het nie. Ek het volle begrip dat daar 'n stuk misterie en selfs spanning is tussen die onvolmaaktheid en gebrokenheid van ons wêreld en die wil van God.

Dit alles gesê, kan die gelowige tenminste daaraan vashou dat sy of haar lewe in die hand van die Here is. Of soos wat Dawid dit stel: *“My tye is in u hand.”* (Ps. 31:16)

God se omvattende sorg oor Sy kinders se lewens, selfs van vóór geboorte tot die dag van hulle dood, word ook pragtig deur Dawid beskryf in Ps. 139:16: *“U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.”*

Wie trek die streep?

Pred. 3:2 sê daar is *“'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe.”* Indien ons sou aanvaar dat God (veral wat die gelowige betref) die mens se “streep trek”, lyk dit tog vir my asof daar baie mense is wat reeds vóór daardie bepaalde tyd te sterwe kom. Dieselfde Prediker sê immers: *“Moenie aanhou verkeerd doen nie, moenie dwaas wees nie; waarom voor jou tyd doodgaan?”* (Pred. 7:17; 1983 Vert.)

Baie mense trek hulle eie streep.

Ek is die mening toegedaan dat baie mense hulle eie streep trek; dat hulle voortydig, vóór God se tyd vir hulle, te sterwe kom. Aan die ander kant blyk dit dat 'n mens ook iets

kan doen om jou lewensjare te verleng. Kom ons kyk na sommige faktore en redes waardeur mense hulle lewensduur beïnvloed:

Die mens se eie rol in hierdie verband kan kwalik oorskat word. Om God se “optimale” lewensjare in my lewe te bereik, is dit tenminste nodig dat ek ’n lewensstyl sal handhaaf wat die beginsels en riglyne van Sy Woord navolg.

Daar is ’n hele aantal beloftes in die Bybel wat ons verseker dat ons lewens op aarde selfs *verleng* sal word indien ons op Sy Woord ag gee. So ’n belofte vind ons in Spr. 3: 1+2: *“My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooie bewaar; want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder.”* Ook in Spreuke 4:10 staan: *“Hoor, my seun, en neem my woorde aan; dan sal die lewensjare vir jou vermeerder word.”*

Dink ook aan Sy gebod in Eks. 20:12: *“Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word...”* As jy die Here waarlik liefhet, sê Ps. 91:16: *“Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.”* Spreuke 10:27 sê: *“Die vrees van die Here vermeerder die dae, maar die jare van die goddelose word verkort.”*

Daar is selfs die uitsonderlike geval van koning Hiskia wie se “streep” blykbaar getrek was, aangesien die Here Sy profeet Jesaja gestuur het met die volgende boodskap: *“So spreek die Here: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie.”* (2 Kon. 20:1) Hiskia het hom egter voor die Here verootmoedig en tot Hom gebid: *“Ag, Here, dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in trou en met ’n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in u oë. En Hiskia het bitterlik geween.”* (vs.3) Jesaja was nog nie eers behoorlik by die paleis uit nie toe die Woord van die Here weer tot Jesaja kom en Hy hom terugstuur: *“Draai om en sê vir Hiskia, die vors van my volk: So spreek die Here, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou tranes gesien; kyk, Ek sal jou gesond maak...En Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg...”* (vs. 5+6)

Bogenoemde tekste dui nie noodwendig op ’n voorafvasgestelde sterfdatum nie, maar wel dat ’n mens jou lewe kan verleng deur ag te gee op die Woord van die Here. Selfs die apostel Petrus haal vir Dawid aan vir raad aan die wat ’n lang lewe begeer: *“As iemand die lewe liefhet en ’n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens. Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!* (1 Pet. 3:10+11 - 1983 Vert.)

Soos gesê, is die omgekeerde net so waar. 'n Mens kan self die “ideale”, of Godbedoelde lewensjare verkort. Dit is feitlik onafwendbaar as ek my liggaam nie as tempel van die Here respekteer en behandel nie. Luister na die woorde van Paulus in 1 Kor. 6:19+20: *“Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.”*

Indien ek hierdie beginsel verontagsaam, kan ek my lewe verkort deur onverskillig en roekeloos te lewe, deur ongesonde eetgewoontes en deur die oormatige gebruik van alkohol. Dit is ook 'n welbekende feit dat dwelmgebruikers as 'n reël nie oud word nie. Daar is min dinge wat 'n mens se lewe so verkort as die rookgewoonte. Elke sigaret wat 'n mens rook kan jou lewe met tussen drie en vyf minute verkort. Wanneer jy by die laaste vyf minute voor jou dood kom, beteken één sigaret letterlik die verskil tussen lewe en dood.

Eintlik hou enige minagting van Bybelse waardes vir jou onheil in – ook op die terrein van die liggaamlike. 'n Sondige lewensstyl eis sy tol. Dink maar aan seksuele promiskuiteit. Sou geslagsiektes en veral die vigs-pandemie ooit noemenswaardige afmetings aangeneem het as mense by die Bybelse voorskrifte rondom seks gebly en dit slegs binne die konteks van die huwelik bedryf het?

Hierby kom geestelike en emosionele faktore wat ons lewens verder kan verkort. Onheilige en negatiewe emosies soos haat, onvergewensgesindheid, bitterheid, vrees en ongesonde stres, het ook 'n effek op 'n mens se gesondheid en uiteindelik op jou lewenskwaliteit en lewensduur.

'n Groot deel van hierdie psigosomatiese siektes het hulle oorsprong by versteurde verhoudinge. As mense net hulle verhoudinge met hulle medemens (ek praat nie eers van met God nie) gesond kan kry, sal baie veel gesonder en langer lewens hê.

So gesien, trek baie mense hulle eie streep. Dit kan iets so radikaal wees as dat 'n persoon sy hand aan sy eie lewe slaan. Dit kan wees dat hy onder die invloed van drank agter 'n motor se stuur klim en verongeluk. Dit kan wees deur 'n onverantwoordelike lewenstyl. Kan God enigsins tersprake wees of geblameer word by so 'n persoon se graf? Die Bybel het duidelike voorbeelde dat die mens self sy lewe kan verkort. Kom ek noem vir jou 'n paar: Psalm 55:24 verklaar wat waarskynlik met kriminele gebeur: *“Manne van bloed en bedrog sal hulle dae nie tot op die helfte bring nie.”* Hoe waar is dit nie. Min misdadigers sterf weens ouderdom.

In die Bybel word 'n hele aantal voorbeelde genoem waar mense deur hulle sonde en ongehoorsaamheid aan God 'n oordeel oor hulle self gebring en voortydig gesterf het. Dink bv. aan die mense in die tyd van Noag (Gen. 7:21); Lot se vrou (Gen. 19:26); Korag en sy familie (Num. 16:32); Simson (Rig. 16:30) en koning Belsasar (Dan. 5:30).

Die Nuwe Testament vertel ons van die dood van koning Herodes wat die apostel Johannes laat vermoor het en kort daarna eer wat aan God alleen toegekom het vir homself geneem het. Die gevolge daarvan is ondubbelsinnig: *“En onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie, en hy is deur wurms verteer en het gesterwe.”* (Hand. 12:23)

Paulus waarsku mense wat op onwaardige wyse aan die nagmaal deelneem en nie die liggaam van die Here onderskei nie, dat hulle 'n oordeel oor hulleself drink en dat siekte en selfs voortydige dood die gevolg kan wees: *“Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.”* (1 Kor. 11:30)

Die apostel Johannes waarsku ook dat daar *“'n sonde tot die dood”* is. Dit is nie dieselfde is as die onvergeeflike sonde nie, (Mt. 12:31) maar dui op 'n sonde wat direk met so 'n persoon se dood verbind kan word. (1 Joh. 5: 16) Die geval van koning Herodes hierbo is waarskynlik 'n goeie voorbeeld hiervan. Die *“onvergeeflike sonde”* is *“lastering teen die Gees”* (Mt. 12:31) waar mense die werk van die Heilige Gees aan die duiwel toeskryf.

As ander jou streep trek.

Wanneer 'n mens praat van mense wat hulle eie *“streep”* getrek het, moet ons ook dink aan die ontelbare menigtes wie se *“streep”* deur ander mense getrek word.

Dink maar net aan die volgende moontlikhede:

'n Moeder wat rook terwyl sy swanger is en die ongebore baba as't ware dwing om die vele gifstowwe saam met die bloed deur die naelstring in te neem. Daar is oorvloedige bewyse dat so 'n kind op vele terreine van die lewe 'n agterstand sal hê, dalk nooit sy Godbedoelde potensiaal sal bereik nie, siekliker sal wees en uiteindelik waarskynlik 'n korter lewensduur sal hê. Dieselfde realiteite geld ook waar die moeder alkohol en dwelms tydens swangerskap gebruik het. Die gevolge is meestal net nog erger. Wie trek die streep in sulke gevalle?

Dink aan 'n man wat ontrou is in sy huwelik, die HIV virus opdoen, dit aan sy vrou oordra wat weer op haar beurt die virus aan haar ongebore baba oordra. Wie trek hier die streep?

’n Persoon gebruik oormatig alkohol (soos so baie in Suid-Afrika gebeur) en klim agter die stuur van sy motor in. Hy is die oorsaak van ’n ongeluk waarin onskuldiges dood is. Moet God daarvoor blameer word?

Wat van aborsie? Elke jaar vind daar ’n minimum van 55 000 wettige aborsies in Suid-Afrika en miljoene wêreldwyd plaas. Dit is moord en teen die wil van God. Daardie mensies se streep is getrek nog voordat hulle gebore is – en dit nie deur God nie!

Dink maar aan die miljoene onskuldiges wat deur die eeue in oorloë dood is – in ons dae dikwels in selfmoordbomontploffings. Verder kan ’n mens dink aan die byna 20 000 mense per jaar wat in Suid-Afrika die onskuldige slagoffers van moordenaars is - moet God die skuld daarvoor kry?

15 000 mense per jaar sterf op ons paaie. In die meeste gevalle is dit nie regtig “ongelukke” nie. Dit word in die meeste gevalle veroorsaak deur iemand se onverskilligheid, onverantwoordelikheid of weens alkohol. Mense is mos nie diere wat willoos optree nie? Mense is morele wesens met ’n eie wil en verantwoordelikheid wat ongelukkig kan kies om te doen wat heeltemal téén God se wil is.

Die mensdom is temidde van sy tegnologiese vooruitgang die afgelope paar dekades besig om die fyn ekologiese balans wat God in Sy skepping gestel het, te versteur. Dit bring toenemende natuurfratse en –katastrofes mee wat dikwels talle lewens eis. Versekeringsmaatskappye noem dit “Acts of God”. Kan dit regtig voor God se deur gelê word?

So kan daar aan honderde voorbeelde gedink word waar mense voortydig gesterf het weens ander se sonde, onverantwoordelikheid of boosheid. Maar tog kry God dikwels die skuld daarvoor, word Hý as ’n kindermoordenaar uitgebeeld. In baie sterfgevälle wys mense die vinger na God terwyl heeltemal te min gemaak word van die verantwoordelikheid van mense.

’n Mens sou seker ook moes noem dat sommige mense voortydig sterf, nie omdat hulle gesondig het of sleg was nie, maar juis omdat hulle goed was en gedoen het wat reg was. Dink hier byvoorbeeld aan Abel, Johannes die Doper, Stefanus, Paulus en Jesus sêlf. ’n Mens kan hier ook dink aan die miljoene martelare deur die eeue wat gesterf het terwille van hulle geloof en belydenis oor Jesus. ’n Mens dink ook met deernis aan diegene wat gesterf het in die gehoorsame uitvoering van hulle pligte – soos reddingswerkers en polisiemanne wat in die uitvoering van hulle pligte gesterf het.

In al die voorbeelde en gevalle uit die Bybel waarna ek hierbo verwys het, was dit mense wat weens 'n verskeidenheid van redes 'n “vervroegde” streep in hulle eie of andere se lewens getrek het. In ander gevalle is hulle lewens verleng. Die vraag kan egter nou gevra word: **Waar pas God en die duiwel in hierdie prentjie in?**

Eerstens wil ek dit weer duidelik stel dat God nie die “Groot Doodmaker” is nie. Dis in God se aard en wese om lewe te gee: *“Die dief (Satan) kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.”* (Joh. 10:10) Inderdaad is die dood 'n vyand van God, *“die laaste vyand wat vernietig moet word.”* (1 Kor. 15:26)

As die Almagtige en Skepper, het God wel mag oor lewe en dood. Dit beteken dat God die mag het om lewe te gee en lewe te neem. 'n Belangrike teks in dié verband is Luk. 12: 4+5: *“En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie; Maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!”*

Wat kan 'n mens van hierdie teks aflei? Baie van ons dink dat dit die duiwel is wat mense in die hel werp – die Bybel noem dit ook die tweede dood. (Open. 20:14) Dit, sê Lukas baie duidelik, is nie die geval nie. Inteendeel, Satan is self baie bang vir die hel, omdat hy weet dat dit uiteindelik sy eie onafwendbare bestemming is. (Open. 20:10) Satan kan slegs die liggaam doodmaak. God is die Een wat mag het om mense in die hel te werp – natuurlik dié wat Hom verwerp het.

Hierdie teks sê egter baie duidelik dat God ook die liggaam kan doodmaak. Inderdaad is daar in die Bybel voorbeelde waar God talle in Israel en van Israel se vyande laat sterf het, dink byvoorbeeld aan die tiende plaag in Egipte waar al die eersgeborenes gesterf het. 1 Kor. 10:7-10 verwys ook na duisende wat in Israel gesterf het weens hulle sondes. Daar is letterlik dosyne tekste in die Ou Testament wat verwys na een of ander oordeel van God oor Sy volk waardeur talle gesterf het.

Wanneer 'n mens deur die boek Openbaring lees, word dit ook duidelik dat daar tydens die eindtydgebeure groot plaes en oordele van God oor die mensdom sal kom waartydens groot getalle sal sterf. Inderdaad kan God doodmaak, maar dit is gewoonlik as deel van Sy oordeel oor mense wat Hom ongehoorsaam was en Sy genade en liefde verag het.

Om God egter aanspreeklik te maak of te hou vir die dood van onskuldige mense en veral kindertjies, bring 'n mens by 'n teologiese posisionering wat hierdie outeur nie instaat is om te verduidelik of te regverdig nie.

Ons moet ook waak en versigtig wees om veral mense wat 'n kind deur die dood verloor het, te probeer troos deur iets te sê soos: “God het vir Hom die mooiste blom hier kom pluk vir Sy blomtuin in die hemel.” God mag 'n tuin in die hemel hê, maar dit bestaan nie uit onskuldige kindertjies wat voortydig van hulle ouers af weggeruk word nie. Alhoewel dit goed bedoeld mag wees, is dit onverantwoordelike, vlak en goedkoop troos. As jy hierdie argument tot die absurde toe deurvoer, kan 'n mens sê dat al die persone wat aborsies uitvoer eintlik vir God help om Sy tuin vol blomme te kry.

Nee! 'n Duisend maal nee! God is nie 'n moordenaar nie! Jesus sê uitdruklik oor die satan: *“Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af.”* (Joh. 8:44) Een van die kenmerke van God se hemel waar almal wat Jesus aangeneem het eendag gaan wees, is juis dat *“God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.”* (Open. 21:4)

'n Mens kan wel vra: Maar is God dan nie almagtig nie en kan Hy nie verhinder dat onskuldiges sterf nie? Sekerlik is daar gevalle waar God 'n seker ramp, 'n ongeluk en die dood van Sy kinders afgeweer het. Tog is daar ander gevalle waar ons kan vra waarom die Here nie ingegryp het nie. Ja, God is almagtig, maar Hy is nie die enigste bepalende faktor in hierdie wêreld nie. Daar is ander wesens in hierdie wêreld – Satan, sy demone en die mens self, wat besluite kan maak teenstrydig met die goeie en volmaakte wil van God. Ongelukkig het hulle die mag om God se liefdevolle wil in mense se lewens te dwarsboom. Die feit is dat God se volmaakte wil dikwels hier op aarde nie geskied nie! Die dood beteken egter nie dat die Here nie meer in beheer is nie. Ons moet onthou dat in God se “groter prentjie” die dood van Sy kind nie neerlaag of die einde beteken nie, maar net die deurgaan na die eintlike, ewige, groter lewe in volmaaktheid saam met Hom.

Op die vraag: Wie maak dood en wie bepaal 'n mens se sterfdatum, wil ek dus opsommend sê: In Sy alwetendheid weet God reeds voor ons geboorte wanneer ons gaan sterwe. In Sy liefde gun Hy elkeen van Sy skepsele 'n vol lewe. Ons lewe egter nie meer in die paradys en ons is ook nog nie in die hemel nie. Ons is deel van 'n wêreld wat deur Satan en sonde stukkend en gebroke is.

Mense kán hulle eie “streep” trek. Mense kan ander mense se streep trek. Mense kan teen God se wil handel. God sal nie mense se reg tot persoonlike keuses ophef nie – al is dit verkeerd en teen Sy wil.

Direk of indirek agter alle dood is die Satan self, want die dood is in die finale instansie ’n vyand van God. Daar sou immers geen dood of enige iets onvolmaaks in hierdie wêreld gewees het as Satan, en deur hom, die sonde, nie in die wêreld gekom het nie.

Die misterie is dat mense doodgaan – dikwels voortydig. Die misterie is ook dat God dit nie (altyd) verhinder nie. Dit beteken egter nie dat God magteloos staan by die dood – veral wat Sy kinders betref nie. Hy het die mag om die dood op te hef. Hy het dit immers getoon deur Henog en Elia nie te laat sterwe nie. Die liggaamlike dood is egter die finale vrug van die sonde – en dit is deel van ons gebroke bestel. Dit is die pad wat almal – ook die gelowige – moet loop.

Vir die kind van God is daar egter die groter werklikheid - die dood van die liggaam is nie die einde nie, dis net die deurgang tot die ewige lewe saam met God. Ons wéét dat níks - ook nie die dood ons kan skei van die liefde van God nie! (Rom. 8:38) Ons kan daaraan vashou dat God, ten spyte van onbeantwoorde vrae, oor die dood heers en dat Sy kinders daarom nie bang hoef te wees vir die dood nie. Die woorde van die bekende prediker, D. L. Moodie, sterwende, aan sy seun, Will Moodie, kom by my op: “Will, is dit die dood? Die aarde wyk en die hemel kom nader!”

Intussen, terwyl ons nog hier op aarde is, moet ons opnuut besef dat die lewe kosbaar, maar tog tydelik en kortstondig is. Ons het net één liggaam gekry om in te leef. Die mees wyse ding is om onself geheel en al, liggaam, siel en gees aan God se liefdevolle sorg toe te vertrou. Paulus sê mos in Rom. 12:1 dat ons ons liggame moet stel as *“’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer!”*

Ons moet besef dat ons liggame ’n tempel van die Here is en dat Hy ons waarsku dat as ek hierdie tempel skend, Hy my sal skend. (1 Kor. 3:16+17) Daarom moet ons onself oppas en versigtig wees hóé ons lewe. Dis onverantwoordelik om onverskillig om te gaan met ons lewens en ons gesondheid en onself dan te verskoon met die woorde: “Ag wat, ons is almal een dood skuldig.”

Onthou, daar kom vir elkeen van ons ’n laaste vyf minute vóór die dood. Ek sal verkies om daarna voor God te staan en nie daaraan skuldig te wees dat ek self die streep getrek het, of dat ek die lewe wat God my op aarde gegee het, verkort het nie.

Mag Sy wil geskied – ook in my sterwe.